



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 30 April 2020

Gedagte van die week:

Die kerk beteken die meeste vir die wêreld as dit die minste soos die wêreld is. (Warren Wiersbe)
Dit is makliker om *kerk te gaan* as om *kerk te wees*.

Teks van die week:

1 Petrus 2:1-10

Meditasie uit die Woord:

Ons teks is redelik duidelik maar baie hartseer. Ons teks verrai dat dit nodig is dat ons in die kerk met mekaar oor dinge moet praat wat eintlik aan ons onbekend behoort te wees. Dit is soos om met rugbyspelers te raas omdat hulle met sokkerballe speel of om met tennisspelers te raas omdat hulle met gholfballe speel! Kwaadpraterij, kwaaddoenerij, bedrog, huigelary en jaloesie behoort in die kerk net so onbekend te wees soos sneeu in die Namibwoestyn. En tog en tog ... ai tog! En dit is alles omdat ons eerder besig is met kerkgaan as kerkwees. Ons hoef egter nie in sak en as te wees hieroor nie, want ons het altyd 'n keuse om te verander, om beter te vaar, om kerkgaan te vervang met kerkwees en minder soos die wêreld te wees sodat ons meer vir die wêreld kan wees. Petrus gee vir ons drie rigtingwysers: (1) **'n Gesonde kerk fokus op God en sy goedheid.** 'n Gesonde kerk is kerk vanuit en rondom die kruis. Ons is om die kruis soos die mot om die kers, met een verskil, hoe nader aan die kruis hoe lewendiger word ons! 'n Kerk wat met die kerk besig is, is dood! 'n Kerk wat met God besig is, lewe! Ek weet nie of ons altyd die radikale gevolge hiervan verstaan nie. (2) **'n Gesonde kerk fokus op geestelike groei** wat gelowiges beweeg van 'n ontvang-mentaliteit na 'n gee-mentaliteit, van ek-wil-bediën-word na ek-wil-bediën. Probeer jou indink dat matriekleeders nog doeke dra en op klimrame speel ... wel, baie keer lyk die kerk presies só! Dit mag tog nie! Dit kan tog nie! (3) **'n Gesonde gemeente bring geestelike offers.** Geestelike offers word gebring in dankbare reaksie op God se goedheid. Ons reël nie vir onself lekkerkerk wat allerhande aktiwiteite insluit wat net sowel deur die kelder en die skool gereël kan word nie. Die kerk is meer van 'n kraamsaal as 'n pretpark. Dit is 'n ruimte waarbinne ons heeltyd vernuwe word. Ons offers is persoonlike offers wat soms baie pynlik en moeilik is, wat soms die aanleer van goeie gewoontes en ander kere die afleer van slegte gewoontes (sonde?) insluit. Uiteindelik bring geestelike offers nie pret na die tafel nie, maar dit bring uiteindelik diep vreugde vir die nuutgemaakte!

Meditasie uit die lewe:

Ek dink die afgelope tyd baie aan een Saterdagmiddagervaring op Heidelberg. Op Saterdag 13 September 1997 sit ek in Jannie en Saretta Otto se huis in Heidelberg en kyk deur die venster na Saretta se pa, oom Willie van der Poel, wat in die straat, "sinneloos" probeer blare bymekaar vee teen die troostelose wind wat waai. Dit is al wat hy elke dag doen terwyl hy wag om dood te gaan. Op 'n stadium vang sy oog, my oog, hy glimlag vir my en knip sy oog. Saretta is 'n onderwyseres per excellence, "larger than life", iemand wat weet van kreatief en lewendig wees. Sy is lief vir rooi klere. Skielik gryp die "muse" my en ek skryf vinnig ietsie neer.

Boodskap van Pa

Vir Saretta, die een wat weet van léwe !

Straatkant van veilige diefwering en tralie
vee jy, uitgelewer en weerloos, alléén,
gedroogde blare in grafhopies bymekaar
terwyl jy oor jou skouer loer
vir skoppensboer ...

Agter diefwering en tralie
waar in veilige illusie
ek jou werk bespied
en stilweg, sinies lag,
weet ek tog half angstiglik:
alle blom en blaar sal val.

Skielik kyk jy op,
ons oë ontmoet,
jy lag my toe
en knip jou oog ondeund.

Ek hoor:
"Kappityt, Rooikappietjie, kappityt,
die wolf is voor jou deur,
alles wat jy spaar
sal op die laaste dag
ongebruik,
vermors,
verlore gaan !"

Ek sê: "Ag, Pa !"

En huil ses trane: Wolf(1), Wolf (2), hoe (3) laat (4) is (5) dit (6) ?

Eerste Youtube reisgesprek:

Ons begin hierdie week met ons eerste Youtube uitsending. Die video-opnames is "unlisted" wat beteken dat jy net daarna kan kyk as jy die URL-skakel het. Jy kan daarna kyk op jou eie tyd. Hierdie week se uitsending het twee dele van 12 minute en 8 minute onderskeidelik. Dit is 'n eerste poging, so wees maar genadig en geduldig! Hopelik sal ons met tyd beter aanbied en vaardiger raak met die tegnologie. Skielik moet ons almal 'n klomp nuwe dinge leer! Jy mag die skakel aanstuur na mense wat jy meen daarby kan baat soos bv jou uitgebreide familie en vriendekring. Al wat jy hoef te doen om te kyk is om die skakels hieronder te aktiveer. Druk die CTRL-knoppie op jou sleutelbord en hou dit in, skuif jou muis-pyltjie tot op die skakel en links-klik dan daarop. As hierdie kortpad nie vir jou werk nie kan jy die skakel "highlight", dan "copy", dan by google "paste" en "enter". (Hoop hierdie bejaarde se tegnologie-les is reg?! Jy mag my reghelp!)

Hier is dan die twee skakels wat jy nodig het vir hierdie week se Reisgesprek:

Reisgesprek 3 Mei 2020 Deel 1

<https://www.youtube.com/watch?v=yyMJQn4gJo>

Reisgesprek 3 Mei 2020 Deel 2

<https://www.youtube.com/watch?v=o5DbgUhxoFI&t=61s>

Die Toekoms

Wat weet ons tog van die toekoms? Wat ons nou weet is dat ons vir die afsienbare toekoms via die tegnologie met mekaar sal kontak maak en hou. Jy sal elke week jou nuusbrief asook jou skakel(s) na die Youtube-Reisgesprek kry. Ek en Toit beplan om ook binnekort met 'n whatsapp-groep te begin waar ons dan elke Maandag net die vorige Sondag se reisgesprek sal opvolg. Later sal ons meer sê oor die whatsapp-groepe en die reëls daarvan. Die roetine sal dan as volg wees:

1. Ons het die teks van die week in die almanak en ons begin almal Maandagaand saam daaraan lees.
2. Donderdag of Vrydag kry jy jou nuusbrief met 'n voorlopige gesprek oor die teks asook die Youtube-skakel(s).
3. Sondag kyk jy op jou eie tyd na die reisgesprek via die Youtube-skakel(s)
4. Maandag kry jy 'n whatsapp met 'n kort opvolg refleksie.

Pinkster se 7 geleenthede sal voorlopig ook via Youtube gebeur. Jy sal al 7 skakels voor die tyd kry en dan kan jy op jou eie tyd daarna kyk. Ons dink vanjaar saam oor die huwelik. Later ook meer hieroor.

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrief wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou 'n ideale geleentheid vir 'n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jin1@telkomsa.net